

**GESKIEDENIS: VRAESTEL I**

Tyd: 3 uur

200 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 'n Bronmateriaalboekie van 5 bladsye (i–v). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Verwyder die Bronmateriaalboekie uit die middel van die vraestel.
2. Lees die vroe noukeurig deur.
3. Alle vroe moet beantwoord word.
4. Hierdie vraestelle bestaan uit:

**Afdeling A (Vraag 1–3)**, wat insluit:

- Visuele bronontleding
- Tekstuele bronontleding
- Media bronontleding – Huidige kwessie in die media

**EN**

**Afdeling B (Vraag 4–16)**, wat insluit:

Brongebaseerde vroe wat die Bronboekie gebruik

**EN**

**Afdeling C**, wat insluit:

'n Brongebaseerde opstel wat die Bronboekie gebruik

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vroe genommer is.
6. Laat 'n reël tussen jou antwoorde oop.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.
8. Kandidate moet die puntetoekenning in ag neem. Tensy anders aangedui, word twee punte vir 'n geldige feit toegeken. Dit beteken dat 'n vraag wat vier punte tel, twee feite vereis.
9. Gebruik die bronne wat verskaf word om jou antwoord te formuleer, tensy daar spesifiek opdrag gegee word om jou kennis te gebruik.

**AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING**

**VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING**

Hierdie foto is in 1965 geneem en wys 'n Amerikaanse soldaat wat 'n Viëtkong-verdagte gedurende die Viëtnamoorlog vasgryp.



[Max Hastings. 2016. *Mail Online*. [Aanlyn] Beskikbaar by: <<http://www.dailymail.co.uk>> (Verkry 11 Januarie 2016)]

- 1.1 Gebruik jou eie kennis en verduidelik kortliks wie die Viëtkong was en waarvoor hulle geveg het. Jou antwoord moet TWEE punte insluit. (4)
- 1.2 Verduidelik hoe die Viëtkong-verdagte op hierdie foto uitgebeeld word. Verskaf TWEE visuele leidrade uit die bron om jou antwoord te motiveer. (6)
- 1.3 Dink jy die foto toon steun vir die Amerikaanse soldaat? Verduidelik jou antwoord deur EEN visuele leidraad uit die bron in te sluit. (4)

- 1.4 Verduidelik watter effek hierdie foto moontlik op die Amerikaanse openbare mening oor die VSA se betrokkenheid in die Viëtnamoorlog in 1965 kon gehad het. Jou antwoord moet uit EEN punt bestaan. (2)
- 1.5 Die Viëtnamoorlog word dikwels voorgehou as 'n groot stryd teen kolonialisme in Viëtnam. Verduidelik hoe hierdie foto gebruik kon word om hierdie Viëtnamese standpunt te toon. Jou antwoord moet uit TWEE punte bestaan. (4)
- [20]**

**VRAAG 2                    TEKSTUELE BRONONTLEDING**

**Hierdie uittreksel kom uit 'n artikel van Jeremy Cronin, voormalige Suid-Afrikaanse Kommunisteparty (SAKP) se adjunk-sekretarisgeneraal, en die African National Congress (ANC) se nasionale uitvoerende komiteelid. Hierin besin hy oor die impak van die val van die Berlynse Muur en die einde van die Koue Oorlog op Suid-Afrika. Hierdie artikel is op 13 November 2009 in die *Mail & Guardian*, 'n Suid-Afrikaanse koerant, gepubliseer.**

Die val van die Berlynse Muur het die einde van een geopolitieke\* verdeeldheid gesimboliseer ... Twintig jaar gelede het burgers van die voormalige Duitse Demokratiese Republiek begin om die Berlynse Muur af te breek. Hierdie simboliese oomblik het die einde van Oos-Wes- ... verdeeldheid aangedui wat die wêreld oënskynlik sedert 1945 oorheers het ... die val van die muur het ook die einde van enige alternatiewe vir kapitalisme beteken ... **(Paragraaf 1)**

Die verbrekking\* van die Sowjet-blok het 'n impak op ons land gehad ... In sy toespraak in Februarie 1990, waarin hy aangekondig het dat die ANC, die SAKP en ander organisasies ontban word, het FW de Klerk uitdruklik\* daarna verwys\* dat die "ineenstorting van kommunisme" 'n motiverende faktor was ... **(Paragraaf 2)**

Die ANC-geleide bevrydingsbeweging is ook hierdeur geraak. In die 1960's en 1970's ... was die bestaan van 'n oënskynlik kragtige sosialistiese teenwig\* teen die groot Westerse moondhede vir die ANC 'n welkome werklikheid. Die Apartheidsregering het groot steun van die Weste ontvang. Nie net die SAKP nie, maar ook die ANC het die vooruitsigte\* bereken vir 'n sinvolle bevryding op grond van die bestaan van 'n teenbalans en ondersteunende sosialistiese blok daar buite. Teen die laat 1980's het hierdie werklikheid ... verander. **(Paragraaf 3)**

Vanuit die perspektief van die ANC-geleide beweging was die begin van die Suid-Afrikaanse onderhandelingsproses in die vroeë 1990's dus die gevolg van 'n paradoks\*. Aan die een kant was daar 'n meer gunstige balans van huishoudelike\* kragte. Aan die ander kant was daar 'n aansienlik ongunstiger internasionale magsbalans. **(Paragraaf 4)**

... Ons het gehoor dat ons 'n wonderlike nuwe wêreld tegemoet gaan\* ... In 1989 het die muur getuimel en ... die mensdom was veronderstel om vry hergebore te wees – en tog, vandag ... oral word die arm en gemarginaliseerde\* meerderheid in die wêreld vasgeketting ... **(Paragraaf 5)**

[Aangepas en vertaal uit: Jeremy Cronin. *The New World Wars*, 2009. *Mail & Guardian*. [Aanlyn] Beskikbaar by: <<http://mg.co.za>> (Verkry 1 Januarie 2016)]

- \* geopolitieke – die verhouding tussen 'n land se politiek en sy geografie
- \* verbrekking – agteruitgang
- \* uitdruklik – duidelik
- \* verwys – melding gemaak
- \* teenwig – gelykwaardige teenmag
- \* vooruitsigte – moontlikhede
- \* paradoks – teenstelling/teenstrydigheid
- \* huishoudelike – plaaslike
- \* tegemoet gaan – op die drumpel staan van
- \* gemarginaliseerde – om mense in die samelewing weg te hou van die kern van mag en invloed

2.1      Verskaf TWEE aanhalings uit die bron wat aandui dat die Koue Oorlog met die val van die Berlynse Muur geëindig het (Paragraaf 1).

(4)


- 2.2 Verduidelik wat Jeremy Cronin suggereer oor die nuwe wêreldorde ná 1989 as hy sê: "... die val van die muur het ook die einde van enige alternatief vir kapitalisme beteken ..." (Paragraaf 1).  
Jou antwoord moet uit TWEE omvattende punte bestaan. (4)
- 2.3 Verduidelik hoe die val van die Berlynse Muur meegehelp het om 'n einde aan Apartheid in Suid-Afrika te bring (Paragraaf 2 en 4). Jou antwoord moet uit TWEE omvattende punte bestaan. (4)
- 2.4 Hoe akkuraat is Jeremy Cronin se standpunt oor hoe globalisering die samelewing beïnvloed het (Paragraaf 5)? Gebruik jou eie kennis om jou antwoord te motiveer. (4)
- 2.5 Is Jeremy Cronin bevooroordeeld in sy interpretasie van die impak van die val van die Berlynse Muur? Motiveer jou antwoord met EEN bewysstuk uit die bron. (4)
- [20]**

### VRAAG 3 VISUELE BRONONTLEDING – HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

Hier is 'n uittreksel uit 'n artikel deur die joernalis Justice Malala, wat op 5 Desember 2015 in *The Times*, 'n Suid-Afrikaanse koerant, verskyn het.

#### Die Groot Debat: Mandela was nie 'n verraaier nie

Julius Malema, die leier van die Ekonomiese Vryheidsvegters, het gedurende sy Britse toer verlede naweek 'n geïnspireerde oomblik beleef en spoedig aan die wêreld onthul dat oud-president Nelson Mandela ons almal in die steek gelaat het tydens die onderhandelings vir demokrasie in die 1990's. **(Paragraaf 1)**



... Tydens die onderhandelings van die 1990's is Mandela en sy kamerade deurgaans daarvan beskuldig dat hulle verraaiers\* was. Op 6 Augustus 1990, toe Mandela die Pretoria Minuut as spanleier onderteken het en die ANC se gewapende stryd opgeskort het, is hy daarvan beskuldig dat hy 'n verraaier was. Hy is gekonfronteer met opstand\* vanuit ANC-geledere. Sy leierskap, sy vermoë om sy troepe en volgelingen te verenig, het geseëvier\* ... **(Paragraaf 2)**

Die jare 1990–1994 was van die bloedigste in Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit was die wil, die moed, die helder denke\*, selfs die hardkoppigheid van Mandela en sy kamerade wat ons deur daardie donker jare gedra het. **(Paragraaf 3)**

Was die 1994-skikking perfek? Hel, nee. Was dít waarmee 'n seëvierende leer wat die Uniegebou bestorm het, tevrede sou gewees het? Natuurlik nie ... Dit was die onderhandelings, die strategie en taktiek van Mandela en sy kamerade wat ons die wonderlike land vol geleenthede gegee het wat ons vandag het. **(Paragraaf 4)**

Nelson Rolihlahla Mandela, nederige seun van die Oos-Kaap, is nie bo kritiek\* verhewe nie. **(Paragraaf 5)**

Tog is daar 'n manier om dit te doen sonder om sy naam te beswadder\*. Die grootste respek wat mense soos Malema aan ons voorgangers kan betoon, sal wees om op hul groot werk voort te bou, eerder as om dit bespotlik\* te maak. Daardeur kan niks bereik word nie. **(Paragraaf 6)**

[Aangepas en vertaal: Justice Malala, 2015. *Times Live*. [AANLYN] Besikbaar by: <<http://www.timeslive.co.za>> (Verkry 29 Desember 2015)]

\* verraaiers – hul mense uitverkoop/beginsels versak vir 'n korttermyn voordeel

\* opstand – rebellie

\* geseëvier – geslaag/oorwin

\* helder denke – sinvolle denke/insig

\* kritiek – afkeuring/teenspraak

\* beswadder – swart te smeer/skade aan te doen

\* bespotlik maak – beledigend afkraak

3.1 Hoekom beskryf Justice Malala die jare van 1990 tot 1994 as "*van die bloedigste in Suid-Afrikaanse geskiedenis*"? Gebruik jou eie kennis. (2)

3.2 Verskaf EEN rede uit Paragraaf 2 wat suggereer dat Nelson Mandela "*'n verraaier was*" gedurende die onderhandelings vir demokrasie. (2)

- 3.3 Wat is die joernalis se houding ten opsigte van die onderhandelde skikking van 1994? Verskaf EEN aanhaling uit Paragraaf 4 om jou antwoord te ondersteun. (4)
- 3.4 Die joernalis gebruik propagandategnieke in hierdie artikel om sy siening van Nelson Mandela te beklemtoon. Identifiseer EEN propagandategniek en ondersteun jou keuse met TWEE woorde of frases uit die bron. (6)
- 3.5 Hoe betroubaar is hierdie bron vir geskiedkundiges wat die rol van Nelson Mandela in die 1990-tot-1994 onderhandelingsproses in Suid-Afrika bestudeer? (6)
- [20]

<b>60 punte</b>
-----------------

**AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE**

**Bestudeer die bronne wat in die Bronmateriaalboekie vervat is en beantwoord dan die volgende vrae:**

**Verwys na Bron A**

4. Gebruik die bron om te beskryf hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie beplan het om die waarheid oor menseregte-oortredings tydens Apartheid gepleeg, bloot te lê. Jou antwoord moet TWEE duidelike punte bevat. (4)
5. Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie gehoop het om versoening te bewerkstellig. Jou antwoord moet TWEE omvattende punte bevat. (4)

**Verwys na Bron B**

6. Stem die skrywer saam met die proses wat deur die Waarheids-en-Versoeningskommissie gevolg is (Paragraaf 1 en 3)? Ondersteun jou antwoord met DRIE bewysstukke uit die bron. (6)
7. Identifiseer enkele probleme wat met amnestie geassosieer word (Paragraaf 2). Jou antwoord moet VIER punte bevat. (8)
8. Verduidelik waarom Andy Ribeiro van mening was dat die Waarheids-en-Versoeningskommissie gefaal het om versoening te bereik (Paragraaf 4). Jou antwoord moet DRIE punte bevat. (6)
9. Verduidelik waarom jy Andy Ribeiro se beskouing van die WVK as bevooroordeelde sou beskou. Ondersteun jou antwoord deur DRIE bewysstukke uit die bron te gebruik. (6)

**Verwys na Bron B en C**

10. In watter mate verskil Bron C van Andy Ribeiro se gevolgtrekkings in Bron B (Paragraaf 4)? Ondersteun jou antwoord met bewyse uit ALBEI bronne. (6)

**Verwys na Bron D**

11. Gebruik die inligting in die bron en verduidelik wat die belangrikste prestasies van die Waarheids-en-Versoeningskommissie was. Jou antwoord moet DRIE punte bevat. (6)

**Verwys na Bron E en F**

12. Was die Waarheids-en-Versoeningskommissie suksesvol in sy poging om die waarheid oor die gebeure by Boipatong bloot te lê? Gebruik bewysstukke uit ALBEI bronne om jou antwoord te motiveer. (8)

13. **Vind 'n historiese konsep in Bron E of Bron F wat die beste by elkeen van die volgende definisies pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking word benodig nie.)**
- 13.1 'n Groep of politieke party wat konserwatiewe sienings het en politieke hervorming teenstaan. (2)
- 13.2 Amptelike kwytskelding vir iemand wat 'n misdaad gepleeg het. (2)
- 13.3 'n Groep weermag- en polisielede wat daarvan verdink word dat hulle geweld tussen opponerende bevrydingsbewegings in die vroeë 1990's aangehits het. (2)
- 13.4 Om 'n groep mense doelbewus en brutaal dood te maak. (2)
- 13.5 Die beëindiging van konflik en die herstel van gemoedelike verhoudings tussen mense of groepe wat voorheen in konflik met mekaar was. (2)
14. Gebruik jou eie kennis om kortliks te identifiseer wie die volgende persoonlikhede was:
- 14.1 Nelson Mandela (2)
- 14.2 Desmond Tutu (2)
- 14.3 Mangosuthu Buthelezi (2)

### **Verwys na Bron G**

15. **Gebruik Bron G om die volgende vrae te beantwoord. Skryf slegs die antwoord neer. (Geen verduideliking word verlang nie.)**
- 15.1 Is hierdie spotprent 'n primêre of sekondêre bron? (2)
- 15.2 Wat suggereer hierdie spotprent oor wat die Waarheids-en-Versoeningskommissie bereik het? (2)
- 15.3 Skryf 'n visuele leidraad neer wat aantoon dat die Waarheids-en-Versoeningskommissie menseregte-oortredings blootgelê het. (2)
- 15.4 Verskaf TWEE visuele leidrade wat wys dat versoening moeilik was om te bereik. (4)

**Verwys na Bron H**

16. **Gebruik die bron en jou eie kennis om aan te dui of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)**
- 16.1 Desmond Tutu het geglo die Waarheids-en-Versoeningskommissie was suksesvol om menseregte-oortredings van die Apartheidsera bloot te lê. (2)
- 16.2 Die vergoeding wat aan slagoffers wat na vore gekom het om hul stories te vertel, betaal is, het slagoffers in staat gestel om geregtigheid te ervaar vir die misdade wat teen hulle gepleeg is. (2)
- 16.3 Die Waarheids-en-Versoeningskommissie se amnestiekomitee was 'n geregshof met die vermoë om oortreders te vervolg vir die misdade wat hulle gepleeg het. (2)
- 16.4 Die optrede van die politieke partye ten opsigte van die publikasie van die Waarheids-en-Versoeningskommissieverslag het nie versoening bevorder nie. (2)
- 16.5 Persone wat tydens Apartheid menseregte geskend het, moes om amnestie aansoek doen, en as hulle dit nie gedoen het nie, is hulle altyd deur die regering vervolg. (2)

<b>90 punte</b>
-----------------

**AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL**

**Gebruik Bron A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:**

*In watter mate was die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) suksesvol om sy doelwitte van waarheid en versoening te bereik?*

**Maak seker dat jy die bronne wat voorsien word gebruik om jou redenasie te formuleer en onthou om die bronne deur die letters aan te dui.**

<b>50 punte</b>
-----------------

**Totaal: 200 punte**